



**Swartland
Munisipaliteit / Municipality**

**GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN
VIR 2012-2017**

OPSOMMING

May 2012

**INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN
FOR 2012-2017**

SUMMARY

May 2012

INLEIDING EN AGTERGROND

Swartland munisipale gebied met een oogopslag

Item	Jaar	Data
Totale munisipale gebied		3 700 km ²
Bevolking	2011	94 800
Sosio-ekonomiese indikatore:		
· Armoede koers	2010	26.8%
· Gini koëffisiënt	2010	0.58
· Menslike ontwikkelingsindeks	2010	0.64
· Aantal behoeftige huishoudings	2011	4 721
Munisipale dienste:		
· Huishoudings in formele wonings	2007	86.8%
· Huishoudings met toegang tot gepypde water binne die woning	2007	84.3%
· Blou druppel punt (watergehalte)	2010/11	92.9%
· Huishoudings wat elektrisiteit vir beligting gebruik	2007	97.0%
· Huishoudings met toegang tot spoeltoilette	2007	93.7%
· Groen druppel punt	2010/11	72.7%
· Huishoudings waarvan afval weekliks verwyder word	2007	86.9%
Ekonomie:		
· Mense met geen inkomste of inkomste minder as R1600 per maand	2007	71.2%
· Werkloosheidskoers		15.0%
· Drie grootste indiensnemingsektore -		
· Landbou		27.1%
· Vervaardiging		16.7%
· Finansiële, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste		11.5%
· Drie grootste bydraers tot BBP-S -		
· Vervaardiging		22.5%
· Finansiële, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste		22.0%
· Landbou		17.2%
· Swartland se bydrae tot die BBP-S van die distrik		29%

INTRODUCTION AND BACKGROUND

Swartland municipal area at a glance

Item	Year	Data
Total municipal area		3 700 km ²
Population	2011	94 800
Socio-economic indicators:		
· Poverty rate	2010	26.8%
· Gini coefficient	2010	0.58
· Human development index	2010	0.64
· Number of indigent households	2011	4 721
Municipal services:		
· Households in formal dwellings	2007	86.8%
· Households with access to piped water inside the dwelling	2007	84.3%
· Blue drop score (water quality)	2010/11	92.9%
· Households that use electricity for lighting	2007	97.0%
· Households with access to flush toilets	2007	93.7%
· Green drop score	2010/11	72.7%
· Households that have refuse removed weekly	2007	86.9%
Economy:		
· People with no income or income less than R1600 per month	2007	71.2%
· Rate of unemployment		15.0%
· Three largest employment sectors -		
· Agriculture		27.1%
· Manufacturing		16.7%
· Financial, insurance, real estate and business services		11.5%
· Three largest contributors to GDP-R -		
· Manufacturing		22.5%
· Financial, insurance, real estate and business services		22.0%
· Agriculture		17.2%
· Swartland's contribution to the GDP-R of the district		29%

Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning

Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning is die sleutel instrument vir plaaslike regering om sy rol en funksie in terme van die SA Grondwet en ander toepaslike wetgewing baas te raak. In teenstelling met die rol wat munisipale strategiese beplanning en die verlede gespeel het, word geïntegreerde ontwikkelings-beplanning tans gesien as 'n funksie van munisipale bestuur, as deel van 'n geïntegreerde stelsel van beplanning en dienslewering. Die GOP proses is bedoel om oplossings te bied oor kwessies soos munisipale begrotingsprioriteite, grondbestuur, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling en institusionele transformasie op 'n deelnemende, sistematiese en strategiese wyse.

Die GOP proses moet 'n forum bied vir die identifisering, bespreking en oplossing van die werklike kwessies in 'n munisipaliteit (wat oorhoofse kwessies vir die hele munisipaliteit kan wees asook kwessies van spesifieke gemeenskappe of belangegroepes) tot op 'n vlak van detail wat nodig is vir realistiese kosteberekening en wat help om die implementeringsproses sonder veel vertraging te bestuur.

Die GOP is die Munisipaliteit se hoof strategiese plan wat handel met die mees kritiese ontwikkelings-behoefte van die munisipale gebied (eksterne fokus) sowel as die mees kritiese regerings-behoefte van die organisasie (interne fokus).

Die GOP -

- word aanvaar deur die raad binne een jaar na die munisipale verkiesing en bly van krag vir die verkiesingstermyn van die Raad ('n tydperk van vyf jaar);
- word opgestel en jaarliks hersien in oorleg met die plaaslike gemeenskap sowel as belanghebbende staatsinstansies en ander rolspelers;
- gee rigting en toeligting aan alle beplanning en ontwikkeling, en alle besluite met betrekking tot beplanning, bestuur en ontwikkeling;
- vorm die raamwerk en basis vir die Munisipaliteit se medium termyn uitgaweraamwerk, jaarlikse begrotings en prestasiebestuurstelsel; en
- streef daarna om integrasie te bevorder deur die ekonomiese, ekologiese en maatskaplike pilare van volhoubaarheid te balanseer (sonder om die institusionele kapasiteit wat nodig is vir die implementering te kompromiteer) en deur aksies te koördineer oor sektore en sferes van regering.

Integrated development planning

Integrated development planning is the key tool for local government to cope with its role and function in terms of the SA Constitution and other applicable legislation. In contrast to the role municipal strategic planning has played in the past, integrated development planning is now seen as a function of municipal management, as part of an integrated system of planning and delivery. The IDP process is meant to arrive at decisions on issues such as municipal budget priorities, land management, social and economic development and institutional transformation in a consultative, systematic and strategic manner.

The IDP process has to provide a forum for identifying, discussing and resolving the real issues in a municipality (which may be over-arching issues for the whole municipality, as well as issues of specific communities or stakeholder groups) to a level of detail which is required for realistic costing and which helps manage the implementation process without much delay.

The IDP is the Municipality's principal strategic plan that deals with the most critical development needs of the municipal area (external focus) as well as the most critical governance needs of the organisation (internal focus).

The IDP -

- is adopted by the council within one year after a municipal election and remains in force for the council's elected term (a period of five years);
- is drafted and reviewed annually in consultation with the local community as well as interested organs of state and other role players;
- guides and informs all planning and development, and all decisions with regard to planning, management and development;
- forms the framework and basis for the Municipality's medium term expenditure framework, annual budgets and performance management system; and
- seeks to promote integration by balancing the economic, ecological and social pillars of sustainability (without compromising the institutional capacity required in the implementation) and by coordinating actions across sectors and spheres of government.

Wetlike status van die GOP

In terme van Artikel 35(1) van die Wet op Munisipale Stelsels No 32 van 2000 geld die volgende vir 'n GOP wat deur die raad aanvaar is:

- (a) dit is die hoofbeplanningsinstrument wat rigting en toeligting gee aan alle beplanning en ontwikkeling en alle besluite met betrekking tot beplanning, bestuur en ontwikkeling in die munisipaliteit;
- (b) dit bind die munisipaliteit in die uitoefening van sy uitvoerende gesag, behalwe in die mate van enige onbestaanbaarheid tussen 'n munisipaliteit se GOP en nasionale of provinsiale wetgewing, in welke geval sodanige wetgewing voorrang geniet; en
- (c) dit bind alle ander persone tot die mate wat die gedeeltes van die GOP wat pligte opleë vir of die regte affekteer van sodanige persone as 'n verordening aangeneem is.

PROSES MYLPALE

- Die prosesplan en tydskedule wat die beplanning en opstel van hierdie GOP bestuur het, is deur die Raad goedgekeur op 25 Augustus 2011.
- Tussen Oktober 2011 en Januarie 2012 is 'n studie deur Prof Larry Zietsman ('n kundige op statistiek) in samewerking met 'n plaaslike stadsbeplanningsfirma CK Rumboll en Vennote gedoen om die bevolkingsyfers per dorp en nedersetting te bepaal.
- Gedurende dieselfde tydperk is 'n kliëntediensopname deur Ekko bemarkingskonsultante gedoen om die tevredenheidsvlakke met betrekking tot die verskillende munisipale dienste te bepaal.
- 'n Strategiewerkswinkel wat alle raadslede, die bestuurspan van die Munisipaliteit en eksterne rolspelers insluit, is gehou op 1 November 2011.
- 'n Finale strategiewerkswinkel wat die Burgemeesterskomitee sowel as alle direkteure en afdelingshoofde van die Munisipaliteit insluit, is 'n week later op 8 November 2011 gehou.
- Op 13 Desember 2011 is 'n werksessie met die Burgemeesterskomitee en bestuurspan gehou om 'n nuwe visie en missie vir Swartland te formuleer.
- Die GOP is op 14 Maart 2012 aan die Burgemeesterskomitee en op 29 Maart 2012 aan die Raad voorgelê vir oorweging.
- 'n Publieke vergadering wat alle raadslede, die bestuurspan van die Munisipaliteit, eksterne rolspelers en die publiek insluit, is gehou op 19 April 2012 om terugvoer te gee en insette te verkry rakende die konsep GOP en jaarlikse begroting.
- Die GOP is op 16 Mei 2012 vir oorweging aan die Burgemeesterskomitee en op 31 Mei 2012 vir finale goedkeuring aan die Raad voorgelê.

Legal status of the IDP

In terms of Section 35(1) of the Municipal Systems Act No 32 of 2000 the following apply for an IDP adopted by the council:

- (a) it is the principal strategic planning instrument which guides and informs all planning and development, and all decisions with regard to planning, management and development, in the municipality;
- (b) it binds the municipality in the exercise of its executive authority, except to the extent of any inconsistency between a municipality's IDP and national or provincial legislation, in which case such legislation prevails; and
- (c) binds all other persons to the extent that those parts of the IDP that impose duties or affect the rights of those persons have been passed as a by-law.

PROCESS MILESTONES

- The process plan and time schedule that guided the planning and drafting of this IDP was approved by Council on 25 August 2011.
- Between October 2011 and January 2012 a study to determine population figures per town and settlement was done by Prof Larry Zietsman (a statistics expert) in conjunction with a local town planning firm CK Rumboll and Partners.
- During the same period a client satisfaction survey was done by Ekko marketing consultants to determine satisfaction levels with respect to the different municipal services.
- A strategy workshop involving all councillors, the management team of the Municipality and external stakeholders was held on 1 November 2011.
- A final strategy workshop involving the Mayoral Committee as well as all directors and division heads of the Municipality was held a week later on 8 November 2011.
- On 13 December 2011 a working session involving the Mayoral Committee and the management team was held to formulate a new vision and mission for Swartland.
- The IDP was submitted to the Mayoral Committee on 14 March 2012 and to the Council on 29 March 2012 for consideration.
- A public meeting involving all councillors, the management team of the Municipality, external stakeholders and the public was held on 19 April 2012 to give feedback and to obtain inputs on the draft IDP and annual budget.
- The IDP was submitted to the Mayoral Committee on 16 May 2012 for consideration and to the Council on 31 May 2012 for final approval.

BELYNING VAN OWERHEIDSBELEID INTERGOVERNMENTAL POLICY ALIGNMENT

Nasionale Uitkomst (2010) <i>National Outcomes (2010)</i>	Nasionale Ontw Plan (2011) <i>National Dev Plan (2011)</i>	WK Strategiese Plan (2011) <i>WC Strategic Plan (2011)</i>	Distrik Mun GOP (2012) <i>District Mun IDP (2012)</i>	Munisipale Uitkomst (2012) <i>Municipal Outcomes (2012)</i>
1 Verbeterde gehalte van basiese onderwys	Verbeter onderwys en opleiding	2 Verbeter onderwys uitkomst		
1 <i>Improved quality of basic education</i>	<i>Improve education and training</i>	2 <i>Improving education outcomes</i>		
2 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners	Voorsien gehalte gesondheidsorg	4 Verhoogde welstand		
2 <i>A long and healthy life for all South Africans</i>	<i>Provide quality health care</i>	4 <i>Increasing wellness</i>		
3 Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig		5 Verhoogde veiligheid		7 Verhoogde gemeenskapsveiligheid deur verkeerspolisiëring, toepassing van verordeninge en rampbestuur
3 <i>All people in South Africa are and feel safe</i>		5 <i>Increasing safety</i>		7 <i>Increased community safety through traffic policing, by-law enforcement and disaster management</i>
4 Behoorlike werkverskaffing deur inklusiewe ekonomiese groei	Skep werk	1 Skep geleentheid vir groei en werk 9 Verminder armoede	2 Nastrewe van ekonomiese groei en fasilitering van werkgeleentheid	5 Volhoubare ontwikkeling van die munisipale gebied - Ekonomiese groei wat almal bevoordeel
4 <i>Decent employment through inclusive economic growth</i>	<i>Create jobs</i>	1 <i>Creating opportunities for growth and jobs</i> 9 <i>Reducing poverty</i>	2 <i>Pursue economic growth and facilitation of job opportunities</i>	5 <i>Sustainable development of the municipal area - Economic growth that benefits all</i>
5 'n Geskoolde en bekwame werksmag om 'n inklusiewe pad van groei te steun	Verbeter onderwys en opleiding			3 'n Effektiewe, doeltreffende, gemotiveerde en toepaslik-geskoolde werksmag
5 <i>A skilled and capable workforce to support an inclusive growth path</i>	<i>Improve education and training</i>			3 <i>An effective, efficient, motivated and appropriately skilled work force</i>
6 'n Doeltreffende, mededingende en responsiewe ekonomiese infrastruktuurnetwerk	Brei infrastruktuur uit	3 Verhoogde toegang tot veilige en doeltreffende vervoer	4 Voorsien essensiële grootmaatsdienste in die streek	4 Toegang tot bekostigbare en betroubare munisipale infrastruktuur
6 <i>An efficient, competitive and responsive economic infrastructure network</i>	<i>Expand infrastructure</i>	3 <i>Increasing access to safe and efficient transport</i>	4 <i>Providing essential bulk services in the region</i>	4 <i>Access to affordable and reliable municipal infrastructure</i>

Nasionale Uitkomst (2010) <i>National Outcomes (2010)</i>	Nasionale Ontw Plan (2011) <i>National Dev Plan (2011)</i>	WK Strategiese Plan (2011) <i>WC Strategic Plan (2011)</i>	Distrik Mun GOP (20120) <i>District Mun IDP (2012)</i>	Munisipale Uitkomst (2012) <i>Municipal Outcomes (2012)</i>
7 Dinamiese en volhoubare landelike gemeenskappe in 'n regverdige bedeling met voedselsekureit vir almal	Transformeer stedelike en landelike ruimtes	11 Skep geleenthede vir groei en ontwikkeling in landelike gebiede		5 Volhoubare ontwikkeling van die munisipale gebied - Gesonde bestuur van die stedelike en landelike omgewing
8 Volhoubare menslike nedersettings en verhoogde kwaliteit van gesinslewe		6 Ontwikkel geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings		
7 <i>Vibrant, equitable and sustainable rural communities with food security for all</i>	<i>Transform urban and rural spaces</i>	11 <i>Creating opportunities for growth and development in rural areas</i>		5 <i>Sustainable development of the municipal area - Sound management of the urban and rural environment</i>
8 <i>Sustainable human settlements and improved quality of household life</i>		6 <i>Developing integrated and sustainable human settlements</i>		
9 'n Responsiewe, aanspreeklike, effektiewe en doeltreffende plaaslike regeringstelsel	Bou 'n bekwame staat	10 Integreer dienslewering vir maksimum impak	5 Verseker goeie regering en finansiële lewensvatbaarheid	1 'n Finansiële-volhoubare munisipaliteit met goed versorgde bates 2 Tvrede, betrokke en goed- ingeligte kliënte
9 <i>A responsive, accountable, effective and efficient local government system</i>	<i>Build a capable state</i>	10 <i>Integrating service delivery for maximum impact</i>	5 <i>Ensuring good governance and financial viability</i>	1 <i>A financially sustainable municipality with well maintained assets</i> 2 <i>Satisfied, involved and well informed clients</i>
10 Omgewingsbates en natuurlike hulpbronne wat goed beskerm en voortdurend verbeter word	Gebruik hulpbronne volhoubaar (oorgang na 'n lae koolstof ekonomie)	7 Maak vohoubaarheid deel van die hoofstroom en optimaliseer hulpbrongebruik en -doeltreffendheid	1 Verseker omgewings-integriteit vir die Weskus	5 Volhoubare ontwikkeling van die munisipale gebied - Gesonde bestuur van die stedelike en landelike omgewing
10 <i>Environmental assets and natural resources that are well protected and continually enhanced</i>	<i>Use resources sustainably (transition to a low-carbon economy)</i>	7 <i>Mainstreaming sustainability and optimising resource use and efficiency</i>	1 <i>Ensuring environmental integrity for the West Coast</i>	5 <i>Sustainable development of the municipal area - Sound management of the urban and rural environment</i>
11 Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika en wêreld	Transformeer die gemeenskap en verenig die nasie	8 Verhoogde maatskaplike samehang	3 Bevorder maatskaplike welstand van die gemeenskap	
11 <i>Create a better South Africa and contribute to a better and safer Africa and World</i>	<i>Transform society and unite the nation</i>	8 <i>Increasing social cohesion</i>	3 <i>Promoting social well-being of the community</i>	

Nasionale Uitkomst (2010) <i>National Outcomes (2010)</i>	Nasionale Ontw Plan (2011) <i>National Dev Plan (2011)</i>	WK Strategiese Plan (2011) <i>WC Strategic Plan (2011)</i>	Distrik Mun GOP (2012) <i>District Mun IDP (2012)</i>	Munisipale Uitkomst (2012) <i>Municipal Outcomes (2012)</i>
12 'n Doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens en 'n bemagtigde, billike en inklusiewe burgerskap	Bou 'n bekwame staat Beveg korrupsie en verhoog aanspreeklikheid	12 Bou die bes-bestuurde streeksregering in die wêreld		6 'n Vaartbelynde, geïntegreerde, stabiele en korrupsievrye organisasie
<i>12 An efficient, effective and development oriented public service and an empowered, fair and inclusive citizenship</i>	<i>Build a capable state</i> <i>Fight corruption and enhance accountability</i>	<i>12 Building the best-run regional government in the world</i>		<i>6 A lean, integrated, stable and corruption free organisation</i>

DIE STRATEGIE

Visie

Swartland Munisipaliteit is 'n toonaangewende organisasie wat volhoubare ontwikkeling bevorder en dienste effektief en doeltreffend aan al sy mense lewer deur vennootskappe met alle belanghebbendes te bou.

Missie

By Swartland Munisipaliteit is dit ons missie om sosiale en ekonomiese stabiliteit en groei te bevorder deur die volhoubare lewering van dienste in terme van ons wetlike magte en funksies aan al ons belangegroepes.

Slagspreuk

Verbind tot uitnemende dienslewering!

Belangrikste risiko's

- As daar onvoldoende inkomste is om in die vraag na dienste te voorsien
- As dienste duur en onbekostigbaar is
- As kliënte ontevrede / onbetrokke / oningelig is
- As daar 'n tekort aan toepaslik-geskoolde en produktiewe personeel is
- As die werksomgewing onveilig en ongesond is
- As infrastruktuur verouderend en swak-instandgehou is en 'n ineenstorting in dienslewering tot gevolg kan hê
- As daar 'n tekort aan kapasiteit is met betrekking tot infrastruktuur
- As daar 'n wanbalans is tussen die drie pilare van volhoubare ontwikkeling, naamlik die omgewing, ekonomie en mense
- As daar 'n gebrek aan goeie regering is
- As bestuurs- en IT stelsels onvoldoende is
- As daar 'n afname in wetsgehoorsaamheid is
- As ons onvoldoende voorbereid is vir rampe

THE STRATEGY

Vision

Swartland Municipality is a frontline organisation which promotes sustainable development and delivers services effectively and efficiently to all its people by building partnerships with all stakeholders.

Mission

At Swartland Municipality it is our mission to promote social and economic stability and growth through the sustainable delivery of services in terms of our legal powers and functions to all our interested parties.

Slogan

Dedicated to service excellence!

Major risks

- If there is insufficient revenue to meet the demand for services
- If services are expensive and unaffordable
- If clients are unsatisfied / uninvolved / uninformed
- If there is a lack of appropriately skilled and productive staff
- If the working environment is unsafe and unhealthy
- If infrastructure is ageing and poorly maintained and can result in a collapse in services
- If there is a lack of capacity in respect of infrastructure
- If there is an imbalance between the three pillars of sustainable development i.e. environment, economy and people
- If there is a lack of good governance
- If management - and IT systems are inadequate
- If there is a decrease in law compliance
- If we are insufficiently prepared for disasters

Stratetiese uitkomst, risiko's en uitsette
Strategic outcomes, risks and outputs

Stratetiese uitkomst <i>Strategic outcomes</i>	Belangrikste risiko's <i>Major risks</i>	Uitsette <i>Outputs</i>
1 'n Finansiële-volhoubare munisipaliteit met goed-versorgde bates	1.1 As daar onvoldoende inkomste is om in die vraag na dienste te voorsien 1.2 As dienste duur en onbekostigbaar is	1.1 Versekerde en verhoogde bronne van inkomste 1.2 Bekostigbare en goed-bestuurde begroting 1.3 Besnoeiing van uitgawes 1.4 Goed-bestuurde en versorgde bates
<i>1 A financially sustainable municipality with well maintained assets</i>	1.1 <i>If there is insufficient revenue to meet the demand for services</i> 1.2 <i>If services are expensive and unaffordable</i>	1.1 <i>Secured and increased sources of income</i> 1.2 <i>Affordable and well managed budget</i> 1.3 <i>Curtailing expenditure</i> 1.4 <i>Well managed and maintained assets</i>
2 Tevrede, betrokke en goed-ingeligte kliënte	2.1 As kliënte ontevrede / onbetrokke / oningelig is	2.1 Vinnige, hoflike en responsiewe diens wat sensitief teenoor die behoeftes/belange van die publiek is en individuele regte eerbiedig 2.2 Eksterne en interne kliënte wat goed ingelig is oor munisipale sake 2.3 Burgers wat aktief deelneem aan munisipale besluitneming
<i>2 Satisfied, involved and well informed clients</i>	2.1 <i>If clients are unsatisfied / uninvolved / uninformed</i>	2.1 <i>Prompt, courteous and responsive service that is sensitive to the needs/concerns of the public and respectful of individual rights</i> 2.2 <i>External and internal clients that are well informed on municipal matters</i> 2.3 <i>Citizens that are actively participating in municipal decision-making</i>
3 'n Effektiewe, doeltreffende, gemotiveerde en toepaslik-geskoolde werksmag	3.1 As daar 'n tekort aan toepaslik-geskoolde en produktiewe personeel is 3.2 As die werksomgewing onveilig en ongesond is	3.1 'n Gemotiveerde, produktiewe werksmag wat Swartland Munisipaliteit se visie, missie, filosofie en waardes nastreef 3.2 'n Goed-opgeleide en toepaslik-geskoolde werksmag wat na uitnemende dienslewering streef 3.3 'n Veilige en gesonde werksomgewing
<i>3 An effective, efficient, motivated and appropriately skilled work force</i>	3.1 <i>If there is a lack of appropriately skilled and productive staff</i> 3.2 <i>If the working environment is unsafe and unhealthy</i>	3.1 <i>A motivated, productive work force pursuing Swartland Municipality's vision, mission, philosophy and values</i> 3.2 <i>A well trained and appropriately skilled work force, striving towards service excellence</i> 3.3 <i>A safe and healthy working environment</i>

Strategiese uitkomst <i>Strategic outcomes</i>	Belangrikste risiko's <i>Major risks</i>	Uitsette <i>Outputs</i>
4 Toegang tot bekostigbare en betroubare munisipale infrastruktuur	4.1 As infrastruktuur verouder en swak onderhou word wat 'n ineenstorting van dienste tot gevolg kan hê 4.2 As daar 'n gebrek aan kapasiteit is met betrekking tot infrastruktuur	4.1 Toegang vir alle kliënte tot basiese munisipale infrastruktuur 4.2 Voldoende kapasiteit met betrekking tot infrastruktuur 4.3 Bekostigbare munisipale infrastruktuur
4 <i>Access to affordable and reliable municipal infrastructure</i>	4.1 <i>If infrastructure is ageing and poorly maintained which can result in a collapse in services</i> 4.2 <i>If there is a lack of capacity in respect of infrastructure</i>	4.1 <i>Access for all clients to basic municipal infrastructure</i> 4.2 <i>Sufficient capacity in respect of infrastructure</i> 4.3 <i>Affordable municipal infrastructure</i> 4.4 <i>Reliable, safe and well operated and maintained municipal infrastructure</i>
5 Volhoubare ontwikkeling van die munisipale gebied (met spesiale klem op voorheen nagelate areas)	5.1 As daar 'n wanbalans is tussen die drie pilare van volhoubare ontwikkeling naamlik omgewing, ekonomie en mense	5.1 Sosiale ontwikkeling wat mense se lewensgehalte verbeter 5.2 Gesonde bestuur van die stedelike en landelike omgewing 5.3 Ekonomiese groei wat almal bevoordeel
5 <i>Sustainable development of the municipal area (with special emphasis on previously neglected areas)</i>	5.1 <i>If there is an imbalance between the three pillars of sustainable development i.e. environment, economy and people</i>	5.1 <i>Social development that improves people's quality of life</i> 5.2 <i>Sound management of the urban and rural environment</i> 5.3 <i>Economic growth that benefits all</i>
6 'n Vaartbelynde, geïntegreerde, stabiele en korrupsievrye organisasie	6.1 As daar 'n gebrek aan goeie regering is 6.2 As bestuurs- en IT stelsels ontoereikend is	6.1 Verbeterde organisasie fokus en prestasie 6.2 Verbeterde organisasie-beheeromgewing 6.3 Gesonde werksetiek 6.4 'n Effektiewe, doeltreffende en goed-gedissiplineerde instelling met volhoubare kapasiteit 6.5 Relevante en doeltreffende IT diens en infrastruktuur
6 <i>A lean, integrated, stable and corruption free organisation</i>	6.1 <i>If there is a lack of good governance</i> 6.2 <i>If management - and IT systems are inadequate</i>	6.1 <i>Improved organisational focus and performance</i> 6.2 <i>Improved organisational control environment</i> 6.3 <i>Sound work ethics</i> 6.4 <i>An effective, efficient and well disciplined institution with sustainable capacity</i> 6.5 <i>Relevant and efficient IT service and infrastructure</i>

Strategiese uitkomst <i>Strategic outcomes</i>	Belangrikste risiko's <i>Major risks</i>	Uitsette <i>Outputs</i>
7 Verhoogde gemeenskapsveiligheid deur verkeerspolisiëring, toepassing van verordeninge en rampbestuur	7.1 As daar 'n afname in wetsgehoorsaamheid is 7.2 As ons nie voldoende voorbereid is vir rampe nie	7.1 Toename in wetsgehoorsaamheid 7.2 Versterking van brandbestrydingsdiens 7.3 Vestiging en instandhouding van 'n rampbestuur struktuur binne die Munisipaliteit
7 <i>Increased community safety through traffic policing, by-law enforcement and disaster management</i>	7.1 <i>If there is a decrease in law compliance</i> 7.2 <i>If we are insufficiently prepared for disasters</i>	7.1 <i>Increase in law compliance</i> 7.2 <i>Strengthening of fire fighting service</i> 7.3 <i>Establishment and maintenance of a disaster management structure within the Municipality</i>

Hierdie strategiese uitkomst, risiko's en uitsette vorm die kern van die Munisipaliteit se strategie in Hoofstuk 7 van die GOP. Dit is waarop die Munisipaliteit oor die vyfjaar termyn van hierdie GOP wil fokus. Die strategie in Hoofstuk 7 gaan 'n standaard item op die agenda van die bestuurspan word sodat die sukses van prosesse, aksies en uitsette in die bereiking van die sewe strategiese uitkomst deurlopend gemonitor kan word.

These strategic outcomes, risks and outputs form the core of the Municipality's strategy in Chapter 7 of the IDP. This is what the Municipality will focus on over the five year term of this IDP. The strategy in Chapter 7 will become a standard item on the agenda of the management team in order to continuously monitor the success of processes, actions and outputs in the achievement of the seven strategic outcomes.